


Ons is 'n **familie** vol **liefde**

T: 044 691 2465
E: admin@ngmosselbaai.co.za
www.ngmosselbaai.co.za

# **FAMILIE**NUUS — SONDAG 20 Oktober 2024

## 08:00 | 10:00

**Prediker:** Henk Brits
**Skrif:** Psalm 23
**Tema:** Nét die Here is my Herder

## 18:00

**Prediker:** Pierrie Kies
**Skrif:** Matt 9:9-13
**Tema:** Aanvaarding

Die Spesiale kollekte gaan vandag vir **KANSA.** Die vereniging staan pasiënte wat kanker het by met versorging, ondersteuning en berading. Hulle het sorgsentrums reg oor die land met omvattende programme, wat hulp insluit om die fisieke, emosionele en/of geestelike aspekte van die newe-effekte van kankerbehandeling te hanteer. Hulle bring ook pasiënte, families en kankeroorwinnaars bymekaar uit vir ondersteuning en inspirasie.

## KATEGESE BYEENKOMSTE

Gr 1 – 3: 08:50 in Borrelklub
Gr 4 – 6: 09:00 in Klipkerk
3jr – Gr R 10:00 Kleuterkerk (kleuters sit by ouers tot Kindertyd en gaan dan na hul klassie)
Gr 7 – 10: 18:00 tydens Kuierkerk in die kerkgebou en daarna in graadgroepe.

## PREDIKANTE

| Henri Meyer | Pierrié Kies | Dean Bentley |
|---|---|---|
| 083 455 6940 | 076 110 4202 | 084 782 4595 |
| henri@ngmosselbaai.co.za | pierrie@ngmosselbaai.co.za | dean@ngmosselbaai.co.za |

Kom geniet 'n koppie tee/koffie by die Gemeentehuis,
na afloop van die erediens.

**NUWE LIDMATE: Baie hartlik welkom in ons Christus-familie!**

Meld asb aan by die Nuwelidmaatbedieningslede in die kerkgebou se portaal of kerkkantoor vir lidmaatskapvorms

# AKTIWITEITE VIR DIE WEEK

| | | |
|---|---|---|
| **MAANDAG**<br>21 Oktober | | |
| **DINSDAG**<br>22 Oktober | 10:00 Bybelstudie vir Vroue | 11:00 Seewind |
| **WOENSDAG**<br>23 Oktober | 11:00 Bybelstudie vir Seniors | |
| **DONDERDAG**<br>24 Oktober | | 18:00 Mannegroep |
| **VRYDAG**<br>25 Oktober | 06:00 Wild@heart mannegroep | |

## PASTORALE SPREEKKAMER

Die pastorale spreekkamer bied 'n veilige toevlugsoord vir mense met neerslagtigheid, persoonlike krisisse, familieprobleme, verhoudingsprobleme, huweliksprobleme, geloofsprobleme, werkskrisisse, rousmart, ens.

Mense wat terapeutiese hulpverlening benodig, kan met vrymoedigheid 'n afspraak maak by dr Ben Joubert 082 921 0348 of Elize Barnardt 082 829 8133.

## HERVORMINGSFEES/10DE MAAND

Sondag, 27 Oktober is dit ons Hervormingsfees en Tiendemaandoffer waar ons, uit dankbaarheid teenoor die Here vir al Sy seëninge, geleentheid kry om ons 10de maand dankoffers te gee. Koeverte, wat spesiaal vir hierdie doel gedruk is, is by al die deure. Elektroniese oorbetalings is ook welkom – die bankbesonderhede verskyn agter op die Familienuus.

## DANKBAARHEIDSETE IN PADKOS-STYL

Ons nooi almal om Sondag 27 Oktober vanaf 12:00 in die Klipkerk saam te kom bring-en-eet. Elkeen bring 'n bordjie met piekniek/padkos-tipe eetgoed wat op die langtafel uitgepak word. Bring ook jou eie eetgerei, drinkgoed en tolgeld vir die reis.

## SEEWINDBEDIENING

Ons benodig jou hulp!

- Ons is op soek na **rusbanke en gemakstoele** vir die Haven-skuiling se sitkamer.
- **Kersgeskenkies vir haweloses:** Ons versamel toiletware soos seep, waslappies, tandeborsels, tandepasta, deodorant en handdoekies. Help ons om hierdie Kersfees spesiaal te maak vir diegene in nood.
- **Vrywilligers benodig:** As daar dames is wat wil help met kosmaak vir haweloses, skakel asseblief vir Corné by die kerkkantoor of kontak vir Marietjie Albrecht by 083 650 7657 vir enige verdere inligting.

## KATEGETE VIR 2025

Die nuwe jaar is om die draai en ons het nuwe Kategete nodig vir die graad 4-6 kategesegroep. As jy graag wil deel word, kontak asb. vir Wilidia by 082 780 0173 of Henk Brits 082 855 7136.

## GEBEDSBROKKIES

Dien die Here met blydskap! Kom voor Hom met gejubel! ~ Psalms 100:2

Gebed is nie die laaste uitweg nie, dis die éérste prioriteit van ń kind van God.

~ ANONIEM

## AKSIE SAMARITAAN

Aksie Samaritaan benodig goeie gebruikte kinder- en volwasse klere. Skenkings kan asseblief by die kerkkantoor ingehandig word. Kontak Mandie Black (082 451 3543) vir meer inligting.

## OMGEE-ROLBALDAG BY HARTENBOS ROLBALKLUB: 30 OKTOBER 2024

Ons doelwit is om fondse in te samel vir die gemeente se OMGEE en ONDERSTEUNINGS PROJEKTE.

Dit beloof om 'n lekker pretdag te wees vir lidmate, vriende en familie, asook firma's wat teen mekaar wil meeding.

**Ons kort nog 2 spanne (4 persone per span) om in te skryf**. Fooie beloop R600 per span wat 'n ligte middagete insluit.

Ons neem die vrymoedigheid om te vra vir jul ondersteuning met die rolbaldag, hetsy deelname, borge of donasies.

U kan bv. 'n baan borg – 4 bane teen R1500 per baan en die ander vir R1000 per baan. Daar sal "hamper"lootjies te koop wees teen R20 per looitjie.

Prysuitdeling en 'n veiling sal plaasvind na die spel. Kontantpryse te wen!

Donasies kan enige bedrag in kontant wees óf enige artikels of produkte wat as pryse gebruik kan word. Items wat geskenk word kan by die kerkkantoor afgegee word. Besprekings moet gedoen word by Deleen Jansen van Vuuren per epos: finansies@ngmosselbaai.co.za

## ROLBALDAG HAMPER

In die voorportaal van die kerkgebou is 'n houer waarin skenkings vir die hampers geplaas kan word. By voorbaat baie dankie vir jul bydraes om van hierdie fondsinsamelingsgeleentheid 'n sukses te maak.

## OMGEEBEDIENING KERSFEESPROJEK

Die Omgeebediening gaan 'n Kersfeesprojek loots en benodig enige netjiese tweedehandse sagte speelgoed om uit te deel. Bring gerus na kerkkantoor.

## BELYDENIS VAN GELOOF

Baie geluk aan ons finalejaar kategeseklas wat vanoggend tydens die 10uur diens Belydenis van geloof aflê: **Mian Joubert Hurter, Milan Joubert, Rainier Robert Lamprecht, Mari le Roux, Zehani Lodewyk, Juan Jarod Nortje, Isabella Schoeman, Mia Stander, Isa-Le Starke, Christiaan Juan Steenkamp, Marnus van Rensburg en Werner van Rooyen.**

Mag God jul pad vorentoe ryklik seën.

## OPSKOPPERS:AFSLUITINGSFUNKSIE

Kom sluit op **15 November** 'n wonderlike geseënde Opskopperjaar saam met ons af met 'n heerlike kuier by Eight Bells Mountain Inn, Ruiterbosch.

Tyd: 12:30 vir 13:00

Koste: R200 per persoon

Sluit in: Heerlike tuisgemaakte lemoenade met aankoms, 'n 2-gang maaltyd en koffie/tee. Getalle is beperk tot 80. Bespreek en betaal asb. by die Kerkkantoor, voor Vrydag 8 November.

## BUURGEMEENTES HOU BASAAR!

Ondersteun gerus die gemeentes wat in die volgende weke hul basaar hou:

- 26 Okt. - NG Danabaai 08:00 – 12:00 in hul kerkgebou, Distansstraat, Danabaai;
- 26 Okt. – NG Groot-Brak 09:00 – 12:00, Langstraat 10, Groot Brakrivier;
- 2 Nov. – ACVV Seebries Tehuis 09:00

## SPESIALE AANBIEDING: KUDUBURGERS

Colin's Kudu Stall het 300 burgers op 'n spesiale aanbieding vir lidmate te koop, ten bate van Gemeentefondse.

Geniet 'n heerlike Kuduburger en skyfies vir slegs R65. Kom koop jou kaartjies by die kerkkantoor, stuur 'n whatsapp aan Colin (082 411 7368) met jou bestelling en om te reël vir 'n tyd wat die kos gereed kan wees vir afhaal by die stalletjie. Hulle staan Dinsdae - Sondae slegs tot 16:00 by die Punt. Hierdie aanbod is geldig tot 30 November of tot voorraad hou.

## GEBEDSLYS

Siekes, verswaktes en mense in ouetehuise; **Hans Szewzyk**, hart en longe (ICU) (Marie 082 202 2352); **Dewald Lourens**, herstel na operasie; **Nico Lotter**, begin met kankerbehandeling (Carol 082 895 5598); **Daulina de Lange,** herstel na operasie (082 551 3382); **Ronel du Preez** (076 410 4871); **Lourens van Vuuren,** (Lena 079 166 4857); **Paul Steyn,** hart (Isabel 083 644 6766); **Hettie Christensen** (Annalize 082 560 4999); **Clive Taylor**, (Marie 082 674 0800); **Marie Blom** (082 784 9833); **Antoinette Kichenbrand,** kanker (082 457 8069); **Marie Fivaz,** (082 492 8080); **Caitlynn Groenewald** gewasse op brein (ma Mia 071 875 5264); **Belinda Boshoff**, M.S. (Louisa 083 750 8607).

*Laat weet asb die kerkkantoor of 'n leraar van jouself of iemand anders wat gebede benodig. Ons wil graag ondersteun met gebed, oproepe of moontlik 'n besoek.*

## GEBEDSWAG UITNODIGING

Om deel te word van die gemeente se **Gebedswag Whatsapp groep** stuur asb u naam en selfoonnommer vir Alta van Zyl, (083 257-3884).

## GEDENKMUUR

Kontak gerus die Kerkkantoor indien jy 'n nis in die gedenkmuur wil bekom.

Die koopprys beloop R5 950 vir lidmate en R6 950 vir nie-lidmate.

Aansoekvorms, asook 'n sketsplan van beskikbare nisse, is by die kerkkantoor beskikbaar.

## FINANSIËLE BYDRAES

**Vir dankoffers & spesiale projek bydraes:**

NG Kerk Mosselbaai,
ABSA – 2070580023
(Verwysing: naam/projek)

Snap here to pay
SnapScan

**Vir sendingbydraes:**

GO NG Kerk Mosselbaai,
ABSA spaar – 9305467263;
Takkode: 632 005

## BEDIENINGS

**ROEPING:** Lodewyk Coetzee, 082 939 0443
**GEBED:** Alta van Zyl, 083 257 3884
**EREDIENS:** Herman Spies, 082 373 5700
**DIAKONIE:** Koos Crause, 083 229 1178
**FAMILIE:** Henk Brits, 082 855 7136
**OMGEE:** We-Nita Joubert, 082 414 5608
**Tehuise: Frieda Marais, 073 306 0703
**SENIORS:** Vakant
**Amandelboord: Elna Gous, 081 270 2251
**Opskoppers: Jan de Wit, 082 695 3672
**GETUIENIS:** Herman van Huyssteen, 083 393 3760
**AKSIE SAMARITAAN:** Johan Meyer, 082 772 5490
**FINANSIES:** Cobus Coetzee, 082 453 3305
**EIENDOMME:** Org van Heerden, 083 378 2467
**DIENSVERHOUDINGE:** vakant
**NUWE LIDMATE:** Frank Tomas, 083 388 3657
**GASVRYHEID:** Marisca Nordjé, 082 780 2408
**KOMMUNIKASIE:** Pierrie Kies, 076 110 4202
**BASAAR:** Louwrens de Wet, 083 308 4463

## KERKKANTOOR – 044 691 2465

*Kantoorure: Maandag – Vrydag 08:00 tot 14:00 & Sondagoggend na die eredienste.*

**Admin. Beampte (Skriba):**
Corné Human: 083 964 6368
e-pos: admin@ngmosselbaai.co.za

**Finansiële beampte (Kassier):**
Deleen Jansen van Vuuren: 084 586 6422
e-pos: finansies@ngmosselbaai.co.za

**Koster:**
Johann Rossouw: 076 582 0619

**Musiek leier:**
Franco Engelbrecht: 079 926 1818

**Pastorale terapeute:**
Ben Joubert: 082 9210348
Elize Barnardt: 082 829 8133
Cindy Gribble: 078 987 2127